BURGER (Kaap Platteland)
28 Nov 2012, p.10

Seiljagvaarders reg vir wedvaart na St. Helena

Eben Human

KAAPSTAD. – Altesaam 90 seiljagvaarders op 19 seiljagte sal op 22 Desember in Simonstad wegspring in die wedvaart oor 1 700 seemyl om die Goewerneursbeker na die eiland St. Helena.

Die wedvaart op sy noordwestelike roete tot naby die ewenaar word gesamentlik deur die Valsbaai- en St. Helena-seiljagklubs gereël. Die wenner word teen Nuwejaarsdag by die eindpunt by Jamestown verwag.

Een van die gunstelinge, die Kaapse seiljagvaarder Billy Leisegang, het gister die Goewerneursbeker aan Mark Capes, die nuwe goewerneur van St. Helena, in Simonstad oorhandig.

Capes het die vorige dag die eerste keer in die Moederstad aangekom. Hy het gesê as beroepsdiplomaat het hy in baie dele van die wêreld gekom en lank daarna uitgesien om Kaapstad te besoek.

Mark Capes Foto: EBEN HUMAN

Die eiland St. Helena staan nou op die vooraand van 'n groot omwenteling terwyl sy eerste lughawe gebou word.

"Ons is baie tevrede met die Suid-Afrikaanse maatskappy wat ons eerste lughawe bou. Dit sal oor drie jaar voltooi wees," het Capes gesê.

Die Goewerneursbeker sal deur Capes na die eiland teruggeneem word en dan sal daar in spanning gewag word om te sien wie dit gaan wen.

Tot nou was St. Helena net seelangs bereikbaar en was daar sedert 1996 gereeld wedvaarte om die Goewerneursbeker. Jare van groot afsondering sal eindig wanneer die lughawe eers daar is.

Leisegang het een keer die lynlouere ingeoes en ook drie keer die windaf-wedvaart op voorgee gewen. Hy het gesê dit is 'n wonderlike wedvaart en eintlik maar drie vakansies in een.

"Dit begin met die vaart na die eiland terwyl jou familie op die HMS St. Helena na die eiland vaar. Daarna het jy 'n wonderlike tyd op die eiland wat jou geleentheid gee om die eilandbewoners se gasvryheid te geniet," het die gesoute seevaarder bygevoeg.

Die meeste deelnemers laai daarna hul seiljagte as vrag op die HMS St. Helena.

Die derde vakansie en groot partytjie is dan die vaart terug na Kaapstad vroeg in die nuwe jaar.